VOORSITTER SE VERSLAG

Johann Rupert
Voorsitter

COVID-19-IMPAK

Die Covid-19-pandemie, en daarmee gepaardgaande inperkingsmaatreëls, het verwoesting en desperaatheid vir miljoene mense teweeg gebring. In Suid-Afrika het dit tot die verlies van lewens en lewensbestaan gelei, met huishoudelike finansies wat erg geraak is en baie mense wat in groot dele van ons land hongersnood ervaar het. Die pandemie het ontaard in die ergste werkloosheidskrisis in hedendaagse tye en, aangesien lewens onvermydelik aan lewensbestaan gekoppel is, in 'n humanitêre ramp. Die multidissiplinêre navorsingsgroep Pandemic Data and Analytics (PANDA) voorspel dat die verlies aan lewensjare weens die erge gevolge van die verlengde inperkingstyd op die ekonomie veel meer sal wees as die lewensverlies weens die virus, wat die valse veronderstelling van "lewens teenoor lewensbestaan" weerspreek.

Dit verteenwoordig rampspoedige gevolge vir 'n land wat reeds voor die aanslag van die virus menige uitdagings in die gesig moes staar weens swak grondliggende ekonomiese faktore. Die wese van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is aangeval deur persepsies van die virusrisiko, wat van die werklike risiko's losgemaak is.

Die instelling van die verlengde streng inperkingsmaatreëls het die vermoë van baie besighede om te oorleef, bedreig en hulle gedwing om te herstruktureer of te sluit. In reaksie op die meerderheid Suid-Afrikaanse klein- en mediumgroot-ondernemings (KMO's) wat finansiële en bedryfspanning weens die Covid-19-pandemie ervaar het, het Remgro R500 miljoen aan The South African SME Relief Trust (The SA SME Relief Trust) geskenk. Laasgenoemde trust het binne dae na die aanvang van die inperking die Sukuma-fonds op die been gebring om noodbystand aan klein ondernemings te verskaf. Die fonds word deur Business Partners Beperk geadministreer. Teen die middel van Augustus 2020, is finansiële bystand van meer as R750 miljoen aan meer as 3 400 klein besighede bewillig, waardeur meer as 31 000 werknemers positief beïnvloed is.

Remgro se bestuursraad het ook vrywillig ingestem om 30% van hul salarisse vir April, Mei en Junie 2020 prys te gee. Die besparing vir die maatskappy deur hierdie vermindering in salarisse is ook aan die Sukuma-fonds oorbetaal.

Hierdie krisis is een van vele onbekendes en die bestuur daarvan is die hoofprioriteit vir ons en al ons onderliggende beleggings. Ons fokus is op die faktore binne ons beheer, die gesondheid en welsyn van ons mense, om toe te sien dat ons beleggings finansieel geposisioneer is om besigheidkontinuïteit moontlik te maak en te verseker dat onderliggende beleggings wat in 'n posisie is om die land te help, daartoe in staat gestel word. Remgro wil hierdie maatskappye graag bedank vir hul hulp en ondersteuning aan die land gedurende die krisis in die gees van 'n mag ten goede.

Die pandemie en inperkingsmaatreëls het 'n wydverspreide direkte en indirekte impak op die meeste van Remgro se onderliggende beleggings gehad. Die ekonomie het en gaan gewis verdere kort- tot mediumtermyn-teëspoed ervaar, terwyl die langtermyngevolge moeilik voorspelbaar is. Ons het nietemin vertroue in die groep se vermoë, hoofsaaklik vanweë ons omsigtige beleggingstrategie en lae hefboomverhouding, om die storm te trotseer en die unieke uitdagings wat die krisis bied, te oorkom.

RMH-ONTBONDELING

Gedurende Junie 2020 het Remgro die ontbondeling van sy 28.2%-belang in RMB Holdings Beperk (RMH) (RMH-ontbondeling) aan aandeelhouers voltooi. Remgro het 'n suksesvolle geskiedenis sover dit die ontbondeling betref van beleggings wat 'n volwasse profiel en 'n sekere vlak van

onafhanklikheid bereik het – die metaforiese kind wat die ouerhuis verlaat. Hoewel die RMH-ontbondeling die einde van 'n era beteken, word dit ook as 'n infleksiepunt vir Remgro beskou.

Mediclinic International plc het die bankbelegging (naamlik die belange in FirstRand Beperk en RMH) as ons grootste belegging vervang en ons portefeulje is herbalanseer, met 'n toename in die gewig van ongenoteerde beleggings, wat in ooreenstemming met ons beleggingsfilosofie is.

Remgro se beleggingsbenadering bly onveranderd en ons glo dat ons 'n aantreklike bateportefeulje, die vermoë om by 'n veranderende omgewing aan te pas, asook genoegsame kapasiteit het vir verdere groei en waardeskepping vir aandeelhouers.

FINANSIËLE VERTONING

As gevolg van die RMH-ontbondeling, word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywighede aangebied. Die belegging in RMH word as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer.

In die jaar tot 30 Junie 2020 het Remgro se wesensverdienste met 61.4%, vanaf R8 195 miljoen tot R3 167 miljoen, afgeneem, terwyl totale wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 61.3%, vanaf 1 448.9 sent tot 560.6 sent, afgeneem het. Wesensverdienste en WVPA van voortgesette bedrywighede het met 68.7%, vanaf R5 551 miljoen tot R1 737 miljoen, afgeneem en vanaf 981.4 sent tot 307.5 sent onderskeidelik afgeneem.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 33.7%, vanaf R233.03 op 30 Junie 2019 tot R154.47 op 30 Junie 2020, afgeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2020 was R99.90 (30 Junie 2019: R187.90), wat 'n diskonto van 35.3% (30 Junie 2019: 19.4%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Op 30 Junie 2020 het ongenoteerde beleggings 38% (2019: 23%) van Remgro se onderliggende beleggings verteenwoordig.

DIVIDEND

Die raad het 'n finale dividend van 50 sent (2019: 349 sent) per aandeel goedgekeur. Die finale dividend is afwaarts aangepas om die RMH-ontbondeling en die impak van die Covid-19-pandemie in berekening te bring. Die totale gewone dividend per aandeel vir die jaar tot 30 Junie 2020 bedra dus 265 sent (2019: 564 sent).

KORPORATIEWE BESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Remgro is ten volle daartoe verbind om sy besigheid op 'n volhoubare wyse te bestuur en die hoogste standaarde van etiek en korporatiewe bestuurspraktyke na te streef. Die direksie is uiteindelik aanspreeklik vir die vertoning van die maatskappy, met begrip daarvoor dat strategie, risiko, prestasie en volhoubaarheid onafskeidbaar is.

Ons bestuursraamwerk is op die beginsels van King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) gegrond en ons is tevrede dat die maatskappy daardie beginsels gedurende die jaar onder oorsig toegepas het. Ons glo ook dat die huidige lede van die raad gesamentlik oor genoegsame vaardighede, ervaring en diversiteit beskik om hul verantwoordelikhede na te kom, die groep se doelwitte te bereik en aandeelhouerswaarde oor die lang termyn te skep.

VERANDERINGE IN DIE DIREKSIE EN BESTUUR

Op 28 November 2019 het verskeie veranderinge in die direksie plaasgevind.

Twee langdienende nie-uitvoerende direkteure het afgetree: Dr E de la H Hertzog as mede-ondervoorsitter en mnr G T Ferreira as hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Die direksie sal hul kundige bydraes mis en wil hulle graag bedank vir wyse raad en waardevolle ondersteuning gedurende hul termyn.

Mnr F Robertson is aangestel as mede-ondervoorsitter saam met mnr J Malherbe en me S E N De Bruyn is aangestel as die hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die direksie. Mnr P J Moleketi is aangestel as lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee.

Mnr P J Neethling is aangestel as nie-uitvoerende direkteur en mnr G G Nieuwoudt as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en lid van die beleggingskomitee. Mnr K M S Rantloane is aangestel as alternatiewe onafhanklike nie-uitvoerende direkteur vir mnr P K Harris. Die direksie verwelkom graag mnre P J Neethling, G G Nieuwoudt en K M S Rantloane as direkteure van die maatskappy. Hul biografiese besonderhede verskyn op bladsy 18 en 19.

Op 28 November 2019 het mnr Raymond Ndlovu die posisie van HUB van Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk aanvaar en gevolglik as lid van Remgro se bestuursraad bedank. Ons spreek graag ons waardering uit vir mnr Ndlovu se bydrae tot die bestuursraad en wens hom sukses toe in sy nuwe pos.

TEN SLOTTE

Ons gedagtes en innige simpatie gaan na die families wat geliefdes gedurende die pandemie verloor het en ons wens hulle sterkte, ondersteuning en troos toe in hierdie besondere moeilike tyd.

Ons bedank die aandeelhouers vir hul volgehoue vertroue te midde van onsekerheid; die besturende direkteure en alle kollegas in die onderskeie onderliggende beleggings vir hul rol in die beveiliging van hul personeel en besighede en hul wyere betrokkenheid by die gemeenskappe waarin hul sake doen; alle ander direkteure, beamptes en werknemers vir hul toewyding en volharding; en alle betrokke partye vir dienste gelewer.

Johann Rupert
Voorsitter

Stellenbosch
28 September 2020